

3 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 20:26-31; 1 Petrus 1:18

Fokusgedeelte: Johannes 20:28

HK, Vraag 34

Mý Here!

In die teksgedeelte roep Tomas uit: "My Here en my God!" Maar wat het hy bedoel met *my Here*?

Reeds in die Ou Testament is God aangespreek as "Here" ("Adonai"), veral omdat Hy die magtigste van alle maghebbers is (Ps 136:6). Dié aanspreekvorm van God word in die Nuwe Testament met "Here" ("Kurios") vertaal. Die aanspreekvorm *Here* was ook as 'n titel in die Romeinse tyd in omloop. Dit is gebruik vir iemand met baie mag. Teenoor die eervolle titel *Here* was daar die onaansienlike posisie van die *slaaf*. Die vroeë Christene het dit egter as 'n groot eer geag om *slaaf van Christus* genoem te word.

Omdat Jesus ons vrygekoop het van ons vorige eienaars, naamlik die duiwel, die wêreld en ons eie vlees, is Hy ons nuwe Here. Ons is nou nie meer slawe van die sonde nie, maar van Jesus Christus. Dit beteken nie dat ons nou nie meer sonde doen nie, maar dat ons "Nee!" kan sê vir die verkeerde en bose. Die mag van die sonde is gebreek. Ons is nou die eiendom van Jesus, ons Here, en Hy het alle besitreg oor ons omdat Hy ons gekoop het met sy *kosbare bloed*.

Wanneer ons dan, soos Tomas, Jesus aanspreek as "mý Here," erken ons dat Hy alle gesag en mag in hemel en op aarde het. Ons erken ook dat ons graag sy slaaf, sy kneg, is wat Hom in liefde en dankbaarheid dien.

Sing: Psalm 99:1, 5

Dr. NP Heystek (Wapadrant)

~~~~~